Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Jesus en Sabbat!

Skriflesing: Lukas 13:10-17

Broodjies vir die pad

“Sabbath, in the first instance, is not about worship. It is about work stoppage. It is about withdrawal from the anxiety system of Pharaoh, the refusal to let one’s life be defined by production and consumption and the endless pursuit of private well-being.”
— Walter Brueggemann

“Again I resume the long
lesson: how small a thing
can be pleasing, how little
in this hard world it takes
to satisfy the mind
and bring it to its rest.”
— Wendell Berry, Sabbaths

“Sabbath observance invites us to stop. It invites us to rest. It asks us to notice that while we rest, the world continues without our help. It invites us to delight in the world’s beauty and abundance.”
— Wendell Berry

Temmingh deur Royal College of Music vereer

Elretha Britz

’n Pianis aan die suidpunt van Afrika het vier jaar gelede as ’n groentjie by die Royal College of Music (RCM) in Londen ingestap en aan die einde van sy BMus-honneursjaar met dié gevierde instelling se hoogste eerbewys daar uitgestap.

Roelof Temmingh, seun van die pianis en orrelis Zorada en die ontslape komponis Roelof Temmingh, het die Tagore- goue medalje ontvang, nie net as beste klavierstudent nie, maar ook vir die “uitstaande bydrae wat hy musikaal en in ander opsigte tot die RCM gelewer het”.

Die medalje sal in 2020 deur prins Charles van Brittanje aan hom oorhandig word. Temmingh sal dan reeds aan die werk wees aan ’n meestersgraad waarvoor hy spoedig na die RCM terugkeer.

Voordat hy weer die land verlaat en om die prestasie met sy landgenote te deel, gee Temmingh vandeesweek ’n solo-uitvoering naby Stellenbosch.

Hy het in die afgelope vier jaar buitengewone geleenthede en blootstelling gehad wat hy met albei hande aangegryp het.

In 2018 het hy Suid-Afrika se Miagi-orkes op ’n Europese toer ter viering van Mandela se 100-jarige verjaardagherdenking vergesel en in gesogte teaters soos in Hamburg se Elbphilharmonie, Amsterdam se Concertgebouw, en op die bekende Verbier-fees in Switserland opgetree.

Hy was ook die solis in Poulenc se *Concert Champêtre* saam met die St Mary-le-Bow-orkes in Londen, en is summier teruggenooi om in 2020 Rachmaninoff se *Paganini-variasies* saam met die orkes te speel.

Hy het ook in die Graf Zeppelinhaus in Friedrichshafen, Duitsland, opgetree en in Londen saam met ’n kwartet in die Royal Albert Hall se Elgar-saal.

Die bewys dat die appel nie ver van die boom val nie, is Temmingh se komposisies waarvan hy een vir sy eindeksamen ingesluit het. Hy het ook Ravel se *Sonatine* (vir klavier) vir klarinet, viool, tjello en klavier verwerk wat deur die Oriole-kwartet uitgevoer is.

Zorada sê Roelof het ’n welkome studiebeurs vir sy nagraadse studie ontvang nadat hy die afgelope vier jaar sy eie lewenskoste betaal het deur sewe dae per week klavierles te gee, in die RCM-biblioteek te werk en as plekaanwyser by konserte.

Die werke wat hy vandeesweek uitvoer, is Beethoven se Sonata quasi una Fantasia, op. 27 nr. 1, ’n keur uit Debussy se preludes, Medtner se Sonata Reminiscenza, op. 38 nr. 1 en Roelof Temmingh snr. se *Des divagations octatoniques sur un thème de L’oiseau du Feu* (Oktatoniese geraaskal (onsinnige gepraat) op ’n tema uit die *Vuurvoël*).

*** 25 Augustus om 16:00 in Somerset College Chapel, Bredellweg (tussen Stellenbosch en Somerset-Wes). Die kaartjies kos R150 (volwassenes) en R50 (kinders) en kan vooraf per e-pos gekoop word by zorada@zorada.co.za of by die deur.**

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Musiek/temmingh-deur-royal-college-of-music-vereer-20190819

“Sabbath is the time set aside to do nothing so that we can receive everything, to set aside our anxious attempts to make ourselves useful, to set aside our tense restlessness, to set aside our media-satiated boredom. Sabbath is the time to receive silence and let it deepen into gratitude, to receive quiet into which forgotten faces and voices unobtrusively make themselves present, to receive the days of the just completed week and absorb the wonder and miracle still reverberating from each one, to receive our Lord's amazing grace.”
— Eugene H. Peterson, Tell It Slant: A Conversation on the Language of Jesus in His Stories and Prayers

"My conclusion from this brief survey of the evidence is that Jesus believed himself called to act as the new Temple. When people were in his presence, it was as if they were in the Temple. But if the Temple was itself the greatest of Israel's incarnational symbols, the conclusion was inevitable (though the cryptic nature of Jesus' actions meant that people only gradually realized what he had in mind): Jesus was claiming, at least implicitly, to be the place where and the means by which Israel's God was at last personally present to and with his people. Jesus was taking the huge risk of acting as if he were the Shekinah in person, the presence of YHWH tabernacling with his people."
— N.T. Wright, The Challenge of Jesus

The Challenge of Jesus: Rediscovering Who Jesus Was and Is
by N.T. Wright

Today a renewed and vigorous scholarly quest for the historical Jesus is underway. In the midst of well publicized and controversial books on Jesus, N. T. Wright's lectures and writings have been widely recognized for providing a fresh, provocative and historically credible portrait.

Out of his own commitment to both historical scholarship and Christian ministry, Wright challenges us to roll up our sleeves and take seriously the study of the historical Jesus. He writes, "Many Christians have been, frankly, sloppy in their thinking and talking about Jesus, and hence, sadly, in their praying and in their practice of discipleship. We cannot assume that by saying the word Jesus, still less the word Christ, we are automatically in touch with the real Jesus who walked and talked in first-century Palestine. . . . Only by hard, historical work can we move toward a fuller comprehension of what the Gospels themselves were trying to say."

The Challenge of Jesus poses a double-edged challenge: to grow in our understanding of the historical Jesus within the Palestinian world of the first century, and to follow Jesus more faithfully into the postmodern world of the twenty-first century.

https://www.goodreads.com/book/show/889083.The_Challenge_of_Jesus

Brood vir die pad

Tragedie van 'as dinge maar net anders was'

Wilhelm Jordaan

Onlangs moes ek teen wil en dank my slimfoon laat opgradeer. En nêrens op die lys van 30 luitone kry ek my ou luitoon waarvan ek so baie hou nie: Nostalgia, wat kompleet soos die partylyn op die plaas lui – twee kortes en 'n lange terwyl die lyn swakker word soos wat nuuskierige boerbure optel en meeluister.

Tussen die 30 is daar 'n elektroniese kakofonie, gedra deur name soos Belly Dance, Funky Bass, Delirium en Night Hype. Ek kies toe maar die naaste aan my Nostalgia – Vintage Bell, wat kompleet soos 'n outydse wekker lui.

In die nadraai van al die lawaai gee ek my oor aan "Die nostalgie", met al die weemoed van Laurika Rauch se luisterliedjie: "My held was Elvis, my Elvis / my *heartbreak* hotel / toe jy nog vir my / met 'n tiekie kon bel . . . / die kindergesiggies, die sterre se liggies / laat jou van voor af onthou . . ."

Dit is juis die opnuut onthou wat die hart van nostalgie is, die pynlike, weemoedige herinnering aan mense en dinge wat verbygegaan het; en 'n lekker soort seerkry wat daarmee saamgaan. Sulke nostalgie is salwing vir die gees. Maar nostalgie het ook 'n angel – wanneer dit wensdenkery word, gelei deur die sentiment van: As dinge maar net anders was; verkieslik soos vantevore. Sonder om te verstaan "as" is verbrande hout. En dit het geen nut nie, soos kaf in die wind verstrooi.

Sulke nostalgie is 'n belangrike bron van 'n breedlopende negativisme oor Suid-Afrika, mense se toekomsangs en bangmaakstories. Dit kom veral by ouer mense voor en baie jong mense, soos ek dit beleef waar ek werk, is moeg daarvoor.

Hulle is inderdaad bewus van en krities ingestel teenoor politieke en ekonomiese probleme en vooruitsigte en hoe dit húl toekoms raak, maar is tegelyk moeg vir ouer mense se volgehoue skeptisisme oor wat hulle beskou as werkbare geleenthede. En wat ouer mense dan as tipiese jeugdige drome sonder fondament afmaak.

Die negativiste se taal-arsenaal getuig daarvan: Dít sal nie slaag nie; ek waarborg jou dit; ek verseker jou mislukking is die voorland; niks goeds kan mos daaruit kom nie; skryf dit op jou maag en vee dit met jou hempie dood enso(Jan Salie)voort.

Wanneer genoeg mense só praat, groei 'n verlammende groepdinamika; 'n epidemie van swartgalligheid. Miskien gee dit 'n gevoel van solidariteit in ellende, maar oplaas is dit bloot net nóg 'n prikkel tot gebrekkige motivering.

Hê deernis met die jonges wat in die huis van negativiste woon. Want waar en hoe sal hul toekomsvisie vorm kry as ouer mense voorbeeldmakend leef vanuit 'n kollektiewe afwagting van die ergste? En, vermakerig, te kenne gee: Probeer gerus, maar verwag niks.

Nostalgie wat gegrond is op 'n verlange na en verheerliking van die "goeie ou dae", is 'n "doodsonde" wat 'n afspraak met die toekoms kanselleer.

** Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/tragedie-van-as-dinge-maar-net-anders-was-20190821

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
'n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877